Saterdag **23 Maart**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-26**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:22-25 (AFR33/53/83)**

**Laat ons voor God leef met geloof, hoop en liefde**

Gelowiges op wie daar druk uitgeoefen word om God se pad te verlaat, word herinner in die Hebreërbrief dat Jesus verskyn het en weer sal verskyn en dat Hy nou verskyn voor die aangesig van God, ter wille van hulle. Gister het ons gesien dat hierdie verskynings van Jesus ’n kragtige bemoediging is om op God se pad te bly. Deur Jesus se een offer het Hy vir altyd vir die sondes betaal van hulle wat aan Hom behoort en die pad na God toe oopgemaak.

Deur drie “laat ons”-oproepe word ons aangespoor om die gebaande/oopgemaakte pad te betree. Die eerste “laat ons”-oproep is om tot God te nader met volle geloofsekerheid. Die geloof in Jesus se offer gee ons die vrymoedigheid om na God te gaan in gebed en om ons lewens voor sy aangesig te leef, al is ons sondige mense.

Die tweede “laat ons”-oproep is om styf vas te hou aan die hoop wat ons bely. Ons het hoop op God se beloftes, want Hy is getrou. Agter elke belofte van God staan Hyself.

Die derde “laat ons”-oproep is om uit die geloof en die hoop ook na mekaar om te sien en mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Deel van die aansporing tot liefde en goeie dade is om nie weg te bly van die samekomste van die gemeente nie, maar om mekaar eerder te vermaan en aan te moedig om daar te wees. Veral moet ons dit doen, omdat ons elke dag ’n dag nader is aan die wederkoms van die Here. Die uitwerking van die druk om God se pad te verlaat, word veral daar gesien waar gelowiges wegbly van die samekomste van die gemeente.

Om naby God te leef, beteken ook om te lewe saam met die ander wat aan God behoort.

*Sing: Psalm 92-1:1, 6, 7*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*